

15 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 21:1-16

Laat U wil geskied

Paulus is op pad na Jerusalem en hy weet dat dit sy laaste reis daarheen sal wees. Hy word gedryf deur 'n innerlike sekerheid. Eindelik kom die kus van Sirië in sig. Hy land in Tirus. Van stad tot stad ontmoet Paulus die broeders op hierdie reis. Oral is gemeentes geplant waaruit die evangelie verder sal gaan. Dit is 'n hoopvolle toekomsbeeld wat Paulus mag saamneem wanneer die gevangenisdeure straks agter hom sal sluit. Dit sal hom help om onder daardie moeilike omstandighede nie moedeloos te word nie. As 'n mens moet, doen hy wat in sy vermoë is, maar hy hoef nie bekommerd te wees oor die voortgang van die evangelie nie.

In Sesarea smee die gelowiges Paulus om nie na Jerusalem te gaan nie. Dit is te gevaarlik. Paulus sien in hierdie versoek 'n versoeking. Hy weet wat vir hom wag, naamlik die pad van die Heilige Gees, die pad van die kruis. Die gelowiges se warm menslike liefde wink oorkant 'n grens wat nie oorgesteek mag word nie. Paulus stel menslike begeertes teenoor die roeping van die Heilige Gees. Wat die mense begeer, is nie dieselfde as die roeping van God nie. Vir hom is dit 'n raaisel waarom God hom nou van sy aktiewe diens wegroep en hy die pad van gevangenskap en werkloosheid moet gaan. Maar Paulus weet wat geloof en wat gehoorsaamheid is. Hy is bereid om te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Dit het Petrus ook eenmaal gesê (Matt 26:33), maar hy kon dit nie waar maak nie. Hy wou vir Jesus sterwe, vóór Jesus vir hom gesterf het. Paulus sal egter – soos Petrus dit ook later gedoen het – die kruis opneem. Hy kan dit doen omdat die Here Jesus reeds eenmaal die kruis gedra het. Die verstaan van God se wil kom ná gehoorsaamheid, nie daarvóór nie. Eers moet jy hoor (God se opdrag) en dan gaan doen (=gehoorsaamheid), ja, sonder om die afloop te ken. Dit is 'n saak van oopstaan vir die Gees se leiding, van luister en van gehoorsaam wees. Bid: "Laat U wil geskied!" Dit sluit ook in dat ek en jy die wil van die Here moet doen.

Sing: Psalm 40:4

Prof F Denkema (Potchefstroom)